

To infinity and Beyond

Keuses: COURAGE, HUMILITY AND GRATITUDE

Nederigheid, Dankbaarheid en waagmoed/boldness/om braaf te wees.

INTRO

To infinity and beyond – the fokus van ons lewens moet nie wees op die hier en nou nie... die fokus van ons lewens is op die ewigheid en wat vir ons wag hierna.

Video van Francis Chan oor die tou.... Die rooi verteenwoordig ons lewens nou... die wit is die ewigheid.

- Soveel van ons veg vir die nou, om die nou reg te kry en mooi te kry en te geniet so veel as moontlik.
- Ons werk net om eendag te kan aftree en dan 'n lekker tyd te kan hê...
- Maar Paulus kom maak 'n stelling, "to live is Christ and to die is gain"

Is dit moontlik dat ons uitkyk oor ons lewens en die wêreld miskien nie reg is nie???

Twee vrae

1. Wat het jy die laaste week gedoen wat iets beteken in die lig van ewigheid?
2. Wat het jy die laaste week gedoen wat glad nie saak maak vir ewigheid nie?

Is dit moontlik dat ons onself bevind om meer te worry oor die rooi gedeelte van die tou, as die res?

As dit so is, dan kan ons sekerlik iets begin doen om dit te verander...

Jy sien, die fokus van die vrae val op 1 gedagte in die reeks, en dis die gedagte van KEUSES!

- Wat bepaal my en jou keuses?
- Wat beïnvloed hoe ons keuses maak?
- Is daar 'n moontlikheid dat die invloed op daardie keuses vasgevang is binne in hierdie tyd en ruimte?

Muller laas week verwys na 3 realiteite:

- Eksterne realiteit
- Interne realiteit – WIE – wil, intellek en emosie...
- Ewigheids realiteit

Die vraag wat ons onself moet vra vandag: Is ek besig om in elke besluit wat ek maak die ewigheids realiteit ingedagte te hou? Of speel my ander realiteite 'n rol?

Die hele gedagte van hierdie reeks is vasgevang binne in wat Paulus sê in Filippense:

Filippense 3:10-16 NLV

10Op hierdie manier kan ek Christus ken en die krag beleef wat Hom laat opstaan het. Deur saam met Hom te ly kry ek deel aan sy dood 11in die hoop dat ek die opstanding uit die dood kan beleef!

12Nie dat ek dit alles al bereik het, of al klaar volmaak is nie. Maar ek hou aan jaag om dit myne te maak omdat Christus Jesus my Sýne gemaak het!

13Nee, broers en susters, ek reken self nie dat ek al is wat ek moet wees nie, maar een ding is seker: ek vergeet dit wat agter my lê, en strek my uit na dit

wat voorlê. 14Ek jaag wenpaal toe, na die hemelse prys wat God deur Christus Jesus aan my gee.

15Almal van ons wat geestelik volwasse is, behoort hierdie doel te hê. As daar enigiets is waaroor julle anders dink, sal God ook dit vir julle duidelik maak. 16Nietemin, laat ons aanhou loop op die pad waarmee ons tot hiertoe gekom het.

DIE LEWE SOOS 'N WEDLOOP:

- Paulus kom 'n paar keer in die NT en verwys na hierdie lewe wat ons leef as 'n wedloop waarmee ons besig is.
- En die prys: EWIGHEID SAAM MET CHRISTUS!!

2 Timoteus 4:6-8 NLV

"6 Wat my betref, word my lewe alreeds uitgegiet as 'n offer aan God. Die stryd van my dood is op hande. **7Ek het die goeie stryd gestry, ek het die wedloop voltooi, en ek het gelowig gebly. 8En nou wag die prys vir my: die lourierkrans vir 'n lewe in gehoorsaamheid wat die Here, die regverdig Beoordelaar, my sal gee op die groot dag van sy terugkeer. En die prys is nie net vir my nie, maar vir almal wat gretig uitsien na sy heerlike verskyning.**

Paulus se lewe was gerig om op 1 ding te fokus. DIE DOEL VAN ONS LEWENS! OM EENDAG IN EWIGHEID SAAM CHRISTUS TE LEEF.

So Paulus is die een wat ons kom help om te beseef dat hierdie lewe waarmee ons nou besig is, is baie belangrik, en ons moet beseef dat dit wat ons nou hier mee besig is, die keuses wat ons hier maak, het 'n effek op ons lewens in die ewigheid!

PAULUS – IEMAND OM TE VOLG!

Daarom het hy gekom en sê LEWE SOOS EK LEEF!!

Sien, Paulus kyk na sy lewe en sy raad aan die Filipense is, moenie terugkyk op jou lewe nie, kyk na vore... kyk na die wenpaal, en verstaan wat jy gaan kry wanneer jy daar kom. Verstaan wat Jesus vir jou gaan gee.

7Ja, broers en susters, volg my voorbeeld en hou julle oë op die mense wat volgens ons voorbeeld lewe.

PAULUS HET VERSTAAN WAT MET ONS GEBEUR HET DEUR CHRISTUS, EN DIT HET VERANDER HOE HY LEEF, EN HOEKOM HY LEEF...

Filippense 3:20

"20Ons, daarteenoor, het ons burgerskap in die Hemel. Van daar verwag ons ook die Here Jesus Christus as Verlosser

So vir ons om dan nou reg te kyk na hierdie tyd, kyk ons na Paulus en sy verstaan van hierdie lewe. En gebruik ons hom as 'n riglyn om ons te help anders kyk en anders dink.

DINK ANDERS

Vir ons om ons lewens te belyn met dit wat die Here van ons verwag, sodat ons 'n ewigheidsmentaliteit kan hê, moet ons anders dink.

Kol 3:1-4 - Dink uit hemelse plekke!!

Kolossense 3:1-4 NLV

1Aangesien julle saam met Christus tot 'n nuwe lewe opgewek is, streef na die dinge wat daarbo by Christus is, waar Hy aan die regterhand van God sit. 2Laat julle gedagtes beheer word deur die hemelse dinge, nie deur dinge op die aarde nie. 3Julle het **mos** saam met Christus gesterf en julle lewe is saam met Hom veilig by God weggesteek. 4Wanneer Christus, wat julle lewe is, by sy wederkoms verskyn, sal julle ook saam met Hom in heerlijkheid verskyn.

- Mos is slegs moontlik as jy dit geweet het.
- Paulus praat asof ons dit weet en dit in ag kan neem.
-

WORLDVIEW: Almal van ons dink 'n sekere manier...ons kyk na die wêreld 'n sekere manier.

Daardie gedagtes bepaal hoe ons dinge doen... en dan die besluite wat ons maak.

Maar hoor gou wat skryf Paulus aan die kerk in Kolosse verder....

Kolossense 3:12-17

Kolossense 3:12-17 NLV

12Julle is die mense wat God uitgekies het wat Hy geheilig het en wat Hy liefhet. Daarom moet julle die volgende soos klere aantrek: liefdevolle deernis, vriendelikheid, nederigheid, sagmoedigheid, geduld. 13Verdra mekaar en as enigeen 'n klagte teen iemand anders het, vergewe mekaar. Vergewe mekaar soos die Here julle vergewe het.

14Die heel belangrikste wat julle moet aantrek, is die liefde. Die liefde bind alles volmaak saam. 15Verder, laat die vrede wat Christus bewerk het, in julle lewens die deurslag gee; want as lede van een liggaam is julle tot vrede geroep. En wees dankbaar.

16Laat die rykdom van alles wat Christus ons leer, julle leefstyl bepaal. Met alle wysheid moet julle mekaar onderrig en mekaar die regte pad wys. Sing met dankbare harte psalms, lofgesange en geestelike liedere tot eer van God. 17Verder, doen alles – of dit nou met woorde of daede is – in die Naam van die Here Jesus. Só is julle heelyd besig om deur Hom dank aan God die Vader te bring.

Om anders te dink, help ons om anders besluite te maak

Hoe maak ons anders besluite?

1. Rom 12:1-2 – Vernuwe jou gedagtes elke dag...

Romeine 12:1-2 NLV

1Nou wil ek julle baie ernstig vra, broers en susters: As julle dink aan alles wat God in sy groot barmhartigheid vir julle gedoen het, gee dan julleself aan Hom as 'n lewende en heilige offer. Dit is dié soort offer waarvan Hy hou, en wat julle diens aan God werklik sinvol maak. 2Moenie julle leefstyl aanpas by die gedragpatrone van hierdie wêreld nie, maar laat God julle omvorm deurdat Hy julle denkpatriene vernuwe. Dan sal julle goed kan onderskei wat Hy wil hê dat julle moet doen, naamlik dit wat werklik goed en aanvaarbaar en volmaak is.

Die wêreld van vandag is 'n ME-TOO wêreld... 'n ME-MYSELF AND I wêreld wat gefokus is op die individu.

Self-entitlement is seker die grootste probleem wat ons wêreld vandag in die gesig staar... Daarom het ons nodig om anders te besluit vir die ewigheid...

KIES NEDERIGHEID

LUKAS 18:14

14“Ek sê vir julle: Hierdie man, eerder as die eerste een, gaan huis toe as iemand wie se saak met God reg is. Elkeen wat homself verhef bo ander, sal verneder word, maar hy wat homself nederig ag, sal verhoog word.”

1 PETRUS 5:5-6 Dress yourself with humility

5Trouens, almal moet nederig in mekaar se diens staan, want:

“God is téén dié wat te veel van hulleself dink, maar dié wat besef hoe afhanklik hulle van Hom is, aan hulle gee Hy sy genade.”

6Word daarom klein onder die kragtige hand van God; op sý tyd sal Hy julle groot maak.

7Gee al julle bekommernisse aan God oor, want Hy gee vir julle om.

- Trots... VS Nederigheid
- Vergelyking, ondankbaar, ontevrede, ... VS ... Dankbaarheid
- Courage – Joshua

Courage:

Toe ek dink aan courage... was daar net 1 skrifgedeelte wat vir my singemaak het, en dis die gedeelte van Josua 1:9 wat sê “My opdrag aan jou is dat jy sterk en dapper moet wees. Moenie bang of huiwerig wees nie. Die Here jou God is saam met jou oral waar jy gaan.”

En iets val my by... hoekom moes Josua dapper wees... wat was sy opdrag?

- Josua moes die volk in die beloofdeland in lei.
- Daar het 'n klomp oorloë voorgelê wat hy sou moes aanpak.
- Hierdie is 'n volk van oor die 2 miljoen mense...
- Josua het pa gestaan vir hulle.
- Maar, tenspyte van al die fisiese dinge wat moes gebeur het, wat was die 1 ding wat nie moes gebeur het nie...
- Die volk moes rein bly en nie die gode van die nuwe land aanneem nie.
- Die volk moes bly in die weë van die Here hoe Hy hulle wou gehad het... consecrated, holy.
- Hulle moes nie die rituele van die land aangeneem het nie.
- Moes nie die gode van die land gedien het nie...
- They were not to conform to the world into which they moved...

Maar wat het gebeur? They conformed... Self entitlement, trots, het deelgeraak.

Die eie ek en my begeertes het meer belang geneem as die wil van die Here...

Wat kom sê Romeine 12 vir ons... moenie conform nie... but be transformed....

Die Woord Transformed – metamorfose – om te morf! Om te verander... om te word wat God ons voor geroep het!

Daarom kom Jesus in Johannes 16:33 en hy sê die volgende:

Johannes 16:33 NLV

“33Ek sê hierdie dinge sodat julle in My rus en vrede kan vind. In die wêreld sal julle swaarkry beleef, maar skep moed: Ek het die wêreld reeds oorwin.”

Filippense 2:1-11 NLV

1Julle is mos deur Christus bemoedig en deur sy liefde getroos! Julle het die gemeenskap beleef wat die Gees bewerk! Julle weet wat omgee en meelewing beteken! 2Maak my dan nou heeltemal bly deur eensgesind te wees – één in liefde, één in hart en één in doel.

3Moet niks uit selfsug doen of om daarmee te spog nie. Wees eerder nederig deur van medegelowiges meer te dink as van jouself. 4Julle moenie net elkeen na sy eie belange omsien nie, maar ook na mekaar se belange.

5Julle gesindheid moet soos Jesus Christus s'n wees:

6Alhoewel Hy self God was, het Hy nie vasgeklou aan die Goddelikheid wat Hom toekom nie,

7maar Hy het dit prysgegee: Hy het 'n slaaf geword en aan mense gelyk geword. En toe Hy as mens geleef het,

8het Hy Homself nog verder verneder deur tot die dood toe gehoorsaam te wees, ja, tot die kruisdood toe!

9Daarom het God Hom ook tot die hoogste posisie verhoog en aan Hom die Naam gegee wat belangriker is as elke ander naam.

10Só sal by die noem van Jesus se heerlike Naam elke knie in die hemel en op die aarde en onder die aarde buig,

11en elke tong sal bely:

“Jesus Christus is Here!”

En só sal God die Vader

verheerlik word!

Fillipense 4:11-13

Afsluit: Toutjie...

Daar is baie gesê... maar wat sê ek nou einlik?

Wanneer jy die toutjie kom haal, besef die volgende:

1. Christus het reeds alles kom doen wat nodig is.
 - a. Jou eindtyd is vasgevang in SY oorwinning
2. Vereenselwig jouself met SY sterwe, sodat jy jouself kan vereenselwig met SY OPSTANDING en HEMELVAART
 - a. Soos Paulus sê, “Al wat ek wil doen is om Christus te ken, sodat ek kan deelwees van sy sterwe, en so deel wees van sy opstanding”
3. Besef dat jy sit saam met hom in hemelse plekke – Fil 3:20
4. Kies om nederig te leef want HY is die een wat dit gedoen het...
5. Kies om jou gedagtes te vernuwe elke dag...
6. Kies om dankbaar te wees vir wat jy het
7. Wees dapper en hou moed om **ANDERS TE LEEF EN TE DINK IN HIERDIE WêRELD.**